Paraffin Safety Association
Southern Africa

AFRIKAANS

Inligtinstuk: Belangrike Veiligheidsboodskappe

1. **BÊRE PARAFFIEN HOOG EN BUITE SIG EN BEREIK VAN JONG KINDERS.**
   - Paraffien is gevaarlik. Dit kan doodmaak as dit nie behoorlik behandel word nie.
   - Dit is die beste om dit toe te sluit.
   - Bêre paraffien in sy eie spesiale bottel. Moet dit nie in 'n koeldrankbottel of melkhouer bêre nie.
   - Sit die bottel se prop weer op nadat jy dit gebruik het.
   - Gebruik 'n tregter om paraffien oor te gooi. Moenie 'n koppie gebruik nie. Bêre ook die tregter nadat jy dit gebruik het.

2. **TREE VINNIG OP AS 'N KIND PARAFFIEN GEDRINK HET.**
   - Moenie wag nie. Neem die kind dadelik na 'n kliniek of hospitaal.
   - Gee die kind niks om te eet of drink nie.
   - Moenie die kind laat opgooi nie.
   - Trek die klere uit as daar paraffien op gemors het, sodat julle nie paraffienwalms inasem nie.
   - Selfs een druppel paraffien in die longe veroorsaak ernstige skade aan die longe.

3. **GEE NIKS OM TE EET OF DRINK AS DIE KIND PARAFFIEN GEDRINK HET NIE.**
   - Moenie enige medisyne, tradisonele medisyne, kos, melk of tuis-geneesmiddels gee nie.
   - Gee troos en ondersteuning.
   - Dink daaraan om 'n noodplan gereed te hou om die kind by 'n kliniek of hospitaal te kry.

4. **HOU DIE LUG IN JOU HUIS SKOON EN VEILIG.**
   - Laat vars lug in die kamer in wanneer jy besig is om 'n paraffien-toestel te gebruik – vars lug raak ontslae van die slegte walms.
   - Paraffien behoort helder van kleur te wees en onbesoedel paraffien-toestel te gebruik – vars

lug raak ontslae van die slegte walms.
- Dit is ‘n goeie belegging om die veiligste stowe, verwarmers en lampe te koop as ‘n manier om beserings te voorkom en jouself en ander teen gevaar te beskerm. So kan jy lugbesoedeling en brande voorkom.

5. **GROOT BRANDE BEGIN MET ‘N KLEIN VLAMMETJIE.**
   - Skakel alle toestelle af voordat jy die huis verlaat of gaan slaap.
   - Daar moet toesig wees vir alle vure en toestelle.
   - Sit paraffien-toestelle ver weg van enigiets wat kan brand.
   - Sit paraffien-toestelle op ‘n stewige en gelyk oppervlak waar dit nie maklik omgestamp of omgestoot kan word nie.
   - Hou ‘n emmer met droë sand byderhand om ‘n paraffien-verwante vuur mee te blus.

6. **IN GEVAL VAN ‘N BRAND:**
   - Bly kalm en moenie paniekerig raak nie.
   - Maak alarm en gaan uit.
   - Bel die nooddienste. Weet waar om hulle nommers te kry.
   - As ‘n gebou aan die brand is, kruip laag op hande en kniëe.
   - As jou klere aan die brand raak, stop, val neer en rol rond om die vlamme te blus.
   - Hou ‘n emmer met droë sand byderhand om paraffien-verwante vure mee te blus.

7. **TREE VINNIG OP OM ‘N BRANDWOND AF TE KOEL.**
   - Bly kalm en moenie paniekerig raak nie.
   - Hou die brandwond in koel water vir 20 minute.
   - Moet niks op die brandwond sit nie – nie botter, olie, room of medisyne nie, want dit vererger die brandwond.
   - Neem die persoon dadelik na ‘n kliniek of hospitaal.

March 2005

Vir meer inligting kontak ons by:

telefoon: 0861 22 44 22
epos: info@pasasa.org
webtuiste: www.pasasa.org